(2) In geval van 'n gelykoptelling in die totaal van stemme wat as eerste keuse uitgebring is en wat oorgedra is, beslis die kiesbeampte, indien nodig, deur die lot watter kandidaat of kandidate verkose verklaar moet word.

(*d*) Indien die aantal verkose kandidate in hierdie stadium minder is as die aantal vakatures, word die kandidaat met die kleinste totaal van stemme as eerste keuse uitgebring en oorgedraagde stemme, uitgeskakel en die stemme wat as tweede of daaropvolgende keuse op sy stembriefies voorkom, aan die oorblywende kandidate oorgedra soos in (*a*) (1) bepaal, en die prosedure hierin beskrywe, word herhaal totdat al die vakatures gevul is.

(viii) Die kiesbeampte moet die uitslag van die verkiesing van verdere verteenwoordigers binne 7 dae na die sluiting van die stemming bekendmaak. Besware teen 'n verkiesing moet skriftelik ingedien word en die kiesbeampte binne 72 uur na die bekendmaking van die uitslag bereik. Teen die beslissing van die kiesbeampte om 'n beswaar te handhaaf of te verwerp, kan binne 72 uur by die prinsipaal appèl aangeteken word; laasgenoemde se beslissing is finaal.

8. Die kiesbeampte moet die eerste vergadering van die nuwe Verteenwoordigende Studenteraad tussen 1 en 7 Oktober in elke jaar belê.

9. Vakatures in die Verteenwoordigende Studenteraad, hetsy vir fakulteits- of verdere verteenwoordigers, word deur tussenverkiesings aangevul; met dien verstande dat dit nie nodig is om vakatures wat na 30 Junie ontstaan deur 'n tussenverkiesing te vul nie. Tussenverkiesings word, *mutatis mutandis*, volgens dieselfde beginsels as 'n algemene verkiesing gevoer; met dien verstande dat 'n stembriefie nie geldig is nie, tensy dit soveel keuses bevat as wat daar kandidate is.

10. Twaalf lede van die Verteenwoordigende Studenteraad vorm 'n kworum.

11. 'n Lid van die Verteenwoordigende Studenteraad hou op om lid te wees indien en sodra—

(*a*) hy ophou om 'n student van die Universiteit te wees; of
(*b*) hy sy skriftelike bedanking indien; of
(*c*) hy gedurende sy ampstermyn sonder goeie rede van twee of meer vergaderings van die Verteenwoordigende Studenteraad afwesig is.

12. Die Verteenwoordigende Studenteraad kies by sy eerste vergadering uit sy geledere 'n voorsitter, 'n ondervoorsitter, en twee eresekretarisse. Hy verkies of benoem ook 'n erepenningmeester, wat nie noodwendig lid van die Verteenwoordigende Studenteraad hoef te wees nie. Indien die erepenningmeester nie lid van die Verteenwoordigende Studenteraad is nie, is hy geregtig om vergaderings by te woon en aan die besprekings deel te neem, maar nie om te stem nie.

13. Die voorsitter is die hoof-uitvoerende beampte van die Verteenwoordigende Studenteraad.

14. Die voorsitter, ondervoorsitter, eresekretarisse en erepenningmeester vorm die uitvoerende komitee. Indien die erepenningmeester nie lid van die Verteenwoordigende Studenteraad is nie, is hy geregtig om vergaderings by te woon en aan die besprekings deel te neem, maar nie om te stem nie.

15. The duties of the executive committee shall be—

(*a*) to deal with urgent matters arising in the period between Students' Representative Council meetings;

(*b*) to deal with such other matters as the Students' Representative Council shall from time to time direct;

(*c*) to act for and represent the Students' Representative Council.

16. At each ordinary meeting of the Students' Representative Council the executive committee shall submit a report of its actions since the last preceeding ordinary Students' Representative Council meeting.

17. At all meetings of the Students' Representative Council, the president, or in his absence, the vice-president, shall occupy the chair. If neither is present a chairman shall be elected from among the members present.

18. The Students' Representative Council shall proceed in all matters by a simple majority of those present and voting save that no expenditure of money shall be authorised nor shall any standing orders regarding the expenditure of money be adopted or altered except with the approval of not less than two-thirds of those present and voting.

19. The proceedings at meetings of the Students' Representative Council shall be private and confidential, but a record of the decisions taken at each Students' Representative Council meeting shall be published on student notice boards within 10 days of the meeting, and shall remain there for at least 14 days.

20. Ordinary meetings of the Students' Representative Council shall be held in term time at least once per month.

21. Special meetings of the Students' Representative Council shall be called by the president, or in his absence by the vice-president, either at his own instance or when required to do so by a resolution passed by the Students' Representative Council or at the request in writing of not fewer than five members of the Students' Representative Council, provided that the objects of the meeting are stated in the requisition.

22. The chairman of any meeting of the Students' Representative Council shall have a deliberative and a casting vote.

23. The Students' Representative Council may extend recognition to any club or society whose constitution and subscription rate it approves.

24. The Students' Representative Council may withdraw recognition from any club or society if it is satisfied that—

(*a*) it is not being administered in accordance with its constitution and the rules and orders of the Students' Representative Council; or

(*b*) it is no longer functioning; or

(*c*) it is no longer serving the purpose for which it was created; or

(*d*) it has been responsible, directly or indirectly, for any breach of University discipline or contravention of any rules and orders of the Students' Representative Council.

25. The control of a meeting of any committee or organisation under the supervision of the Students' Representative Council shall be in the hands of the presiding officer who shall have the power to order any member whose conduct is unruly or disorderly to leave the meeting.

26. There shall be an annual general meeting of students, which shall be held in March.

27. Notice of the annual general meeting shall be published on the student notice boards not less than 7 days before the meeting and the agenda of the meeting shall be so published not less than 2 days before the meeting.

28. An extraordinary general meeting may be called by the president at any time, and shall be called by him within seven days whenever the Students' Representative Council so directs or at the request in writing of not fewer than 50 students, provided that the objects of the meeting are stated in the requisition.

15. Die pligte van die uitvoerende komitee is—

(*a*) om dringende sake wat gedurende die tydperk tussen vergaderings van die Verteenwoordigende Studenteraad voorkom, af te handel;

(*b*) om die verdere sake wat die Verteenwoordigende Studenteraad van tyd tot tyd aan hom mag opdra, af te handel;

(*c*) om namens die Verteenwoordigende Studenteraad op te tree en dit te verteenwoordig.

16. By elke gewone vergadering van die Verteenwoordigende Studenteraad moet die uitvoerende komitee verslag doen van sy optrede sedert die vorige gewone vergadering van die Verteenwoordigende Studenteraad.

17. Op alle vergaderings van die Verteenwoordigende Studenteraad tree die voorsitter as voorsitter op, maar in sy afwesigheid tree die ondervoorsitter op. Indien geeneen van hulle teenwoordig is nie, moet 'n voorsitter gekies word uit die lede wat aanwesig is.

18. Die Verteenwoordigende Studenteraad handel in alle sake volgens besluit van 'n gewone meerderheid van die lede wat teenwoordig is en stem; tot geen geldelike uitgawes mag egter magtiging verleen word en geen reglement van orde betreffende geldelike uitgawes mag aangeneem of gewysig word nie, tensy minstens twee-derdes van die aanwesiges daarvoor stem.

19. Die verrigtinge by vergaderings van die Verteenwoordigende Studenteraad is privaat en vertroulik, maar 'n verslag van die besluite wat op elke vergadering van die Verteenwoordigende Studenteraad geneem is, moet binne 10 dae na die vergadering op die kennisgewingborde vir studente aangebring word, en minstens 14 dae daar gelaat word.

20. Gewone vergaderings van die Verteenwoordigende Studenteraad moet minstens een keer per maand gedurende die semesters gehou word.

21. Buitengewone vergaderings van die Verteenwoordigende Studenteraad word deur die voorsitter, of in sy afwesigheid deur die ondervoorsitter, belê, hetsy uit eie beweging of indien daartoe gelas deur die Verteenwoordigende Studenteraad by besluit van dié liggaam, of op skriftelike versoek van minstens vyf lede van die Verteenwoordigende Studenteraad, mits hulle die doel van die vergadering in hulle versoek vermeld.

22. Die voorsitter by enige vergadering van die Verteenwoordigende Studenteraad het 'n beraadslagende en 'n beslissende stem.

23. Die Verteenwoordigende Studenteraad kan erkenning van enige klub of vereniging intrek indien hy oortuig tusie en ledegeld hy goedkeur.

24. Die Verteenwoordigende Studenteraad kan sy erkenning van enige klub of vereniging intrek indien hy oortuig is dat—

(*a*) dit nie volgens die konstitusie daarvan en die reëls en reglemente van die Verteenwoordigende Studenteraad gedryf word nie; of

(*b*) dit nie meer funksioneer nie; of

(*c*) dit nie meer beantwoord aan die doel waarvoor dit in die lewe geroep is nie; of

(*d*) dit regstreeks of onregstreeks verantwoordelik was vir 'n verbreking van die Universiteitsdissipline, of 'n oortreding van 'n reël en reglement van die Verteenwoordigende Studenteraad.

25. Die beheer oor 'n vergadering van 'n komitee of organisasie onder die beheer van die Verteenwoordigende Studenteraad is in die hande van die voorsittende beampte, wat die bevoegdheid het om 'n lid wie se gedrag oproerig of wanordelik is, te beveel om die vergadering te verlaat.

26. Daar moet 'n algemene jaarvergadering van studente wees wat gedurende Maart moet plaasvind.

27. Van die algemene jaarvergadering moet minstens 7 dae voor die vergadering op die kennisgewingborde vir studente kennis gegee word en die agenda van die vergadering moet minstens 2 dae voor die vergadering op dieselfde wyse bekendgemaak word.

28. 'n Buitengewone algemene vergadering kan te eniger tyd deur die voorsitter belê word. Hy moet dit belê binne 7 dae nadat die Verteenwoordigende Studenteraad hom daartoe opdrag gegee het of nadat minstens 50 studente skriftelik daarom gevra het, mits die doel van die vergadering in hulle versoek vermeld word.

29. Notice of an extraordinary meeting called to propose amendments to these regulations shall be published on the notice board not less than 10 days before the meeting. Notice of any other extraordinary meeting shall be so given not less than 48 hours before the meeting. The agenda shall be published at least 24 hours before the meeting is held.

30. The quorum and procedure at general meetings shall be as follows:—

(*a*) A general meeting shall not be open to the public.

(*b*) 400 students shall form a quorum.

(*c*) The presiding officer shall be the president, or in his absence the vice-president, or, if they are both absent, a person elected from among those present.
The presiding officer shall have the control of the general meeting and shall have the power to order any member whose conduct is unruly or disorderly to leave the meeting.

(*d*) The first act of the annual general meeting, after its constitution by the reading of the notice calling such meeting, shall be to read and to confirm by the signature of the chairman of the meeting, the minutes of the last preceding annual meeting and of any extraordinary meetings held subsequently thereto; provided that it shall be competent for the meeting to consider the minutes as read if they have been previously published on the notice board. All objections as to the form and manner in which the minutes have been taken must be raised and decided before such confirmation.

(*e*) A motion other than a motion arising directly out of the President's report shall not be discussed at the annual general meeting unless such motion was handed in to the Students' Representative Council, in writing, not less than 48 hours before the meeting and is signed by the proposer and the seconder.

(*f*) At an extraordinary meeting no business shall be transacted other than that of which notice has been given in terms of paragraph 29.

(*g*) No member may, without special leave of the meeting, speak more than once to any motion or any amendment thereon, but the mover of any motion or any amendment shall have the right to reply.

(*h*) All questions shall be decided by the majority of votes of the members present and voting. On every question the chairman shall have a vote, and in the case of an equality in the number of votes, the question shall be decided by the casting vote of the chairman.

(*i*) The voting at a general meeting shall be on a show of hands, or, if so decided by the meeting, on a poll. The decision of the chairman on the result of any vote shall be final.

(*j*) The number of members voting for or against any proposition shall be entered in the minutes if so decided by the meeting.

(*k*) Every motion, or proposed amendment, shall require to be seconded, and shall, if so directed by the chairman be in writing, and no motion may be withdrawn except by permission of the meeting.

(*l*) The chairman may allow any matter of which due notice has not been given to be discussed and action to be taken on it, provided it be an unopposed motion.

(*m*) The ruling of the chairman on any question of order or procedure shall be binding unless immediately challenged by a member, in which case it shall be submitted, without discussion, to the meeting, whose decision shall be final.

31. The Students' Representative Council shall furnish to the principal such minutes and other records of proceedings as he may require from time to time.

29. Van 'n buitengewone vergadering wat belê word om wysigings van hierdie regulasies voor te stel, moet minstens 10 dae voor die vergadering op die kennisgewingborde kennis gegee word. Van 'n ander buitengewone vergadering moet minstens 48 uur voor die vergadering op dieselfde wyse kennis gegee word. Die agenda moet minstens 24 uur voor die vergadering bekendgemaak word.

30. Die kworum en prosedure by algemene vergaderings is as volg:—

(*a*) Die publiek het nie toegang tot 'n algemene vergadering nie.

(*b*) 400 studente vorm 'n kworum.

(*c*) Die voorsitter, of in sy afwesigheid, die ondervoorsitter, tree as voorsitter op, maar indien geeneen van hulle teenwoordig is nie, kies die aanwesiges iemand uit hulle midde tot voorsitter. Die voorsitter het die beheer oor die algemene vergadering, en het die bevoegdheid om 'n lid wie se gedrag oproerig of wanordelik is, te beveel om die vergadering te verlaat.

(*d*) Die eerste handeling van die algemene jaarvergadering, nadat dit gekonstitueer is deur die kennisgewing waarby die vergadering belê is, voor te lees, is om die notule van die vorige gewone vergadering en van alle buitengewone vergaderings wat daarna gehou is, te lees en deur die handtekening van die voorsitter van die vergadering te bekragtig; met dien verstande dat die vergadering die notule as gelees kan beskou indien dit vantevore op die kennisgewingbord gepubliseer is. Alle besware teen die vorm waarin en die wyse waarop die notule opgestel is, moet geopper en afgehandel word voordat die notule bekragtig word.

(*e*) Geen voorstel behalwe 'n voorstel wat regstreeks voortspruit uit die voorsitter se verslag, mag by die algemene jaarvergadering bespreek word nie, tensy dit minstens 48 uur voor die vergadering skriftelik by die Verteenwoordigende Studenteraad ingedien en deur die voorsteller en sekondant geteken is.

(*f*) Geen sake waarvan nie kennis gegee is ooreenkomstig paragraaf 29 nie, word op 'n buitengewone vergadering behandel nie.

(*g*) 'n Lid mag nie sonder spesiale verlof van die vergadering meer as een keer oor 'n voorstel of 'n amendement daarop praat nie, maar die inleier van 'n voorstel of 'n amendement daarop mag repliek lewer.

(*h*) Oor alle sake word besluit met 'n meerderheid van stemme van die lede wat aanwesig is en wat stem. Die voorsitter kan oor elke saak stem en in geval van 'n staking van stemme sy beslissende stem uitbring.

(*i*) By 'n algemene vergadering word gestem met opsteek van hande, of, indien die vergadering so besluit, deur middel van stembriefies. Die beslissing van die voorsitter insake die uitslag van 'n stemming is finaal.

(*j*) Indien die vergadering so besluit, word daar genotuleer hoeveel lede ten gunste van en hoeveel teen 'n voorstel gestem het.

(*k*) 'n Voorstel of amendement daarop moet gesekondeer word en moet, indien die voorsitter dit gelas, skriftelik ingedien word, en 'n voorstel mag nie sonder die toestemming van die vergadering teruggetrek word nie.

(*l*) Die voorsitter kan verlof daartoe verleen dat enige saak waarvan daar nie behoorlik kennis gegee is nie, bespreek word en dat stappe in verband daarmee gedoen word, mits dit 'n onbestrede mosie is.

(*m*) Die beslissing van die voorsitter ten opsigte van 'n punt van orde of prosedure is bindend, tensy 'n lid onmiddellik daarteen beswaar maak, en in so 'n geval word dit, sonder dat bespreking toegelaat word, voorgelê aan die vergadering, wie se beslissing finaal is.

31. Die Verteenwoordigende Studenteraad moet die prinsipaal voorsien van die notule en ander verslae van verrigtinge wat hy van tyd tot tyd mag verlang.

32. The president of the Students' Representative Council shall, before the 15th day of the month of September in each year, publish on the notice board a report of the work of the Students' Representative Council during its term of office.

32. Die voorsitter van die Verteenwoordigende Studenteraad moet, voor die 15de dag van September in elke jaar, 'n verslag van die werk van die Verteenwoordigende Studenteraad gedurende sy ampstermyn op die kennisgewingbord publiseer.

DEPARTMENT OF MINES.

✱ No. 1259.] [24 June 1955.

GROUND DECLARED OPEN TO PEGGING OF CLAIMS.

Notice is hereby given that as certain claims, situate in the Mining District of Pilgrims Rest, Transvaal Province, and detailed in the attached Schedule, have lapsed to the Crown in terms of section *one hundred* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), His Excellency the Governor-General has been pleased, under the powers vested in him by sections *thirty* and *one hundred* of the said Act to declare that the ground over which the rights have been held shall be open to the pegging of claims in accordance with the provisions of Chapter V of the said Act on and after 9 a.m. on the 20th day of July, 1955.

M.M. 22/6/3 (55).

DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

✱ No. 1259.] [24 Junie 1955.

GROND VIR DIE AFPENNING VAN KLEIMS OOPVERKLAAR.

Hierby word bekendgemaak dat aangesien sekere kleims geleë in die myndistrik Pelgrimsrus, provinsie Transvaal, en in die aangehegte Bylae omskryf, ingevolge artikel *honderd* van die Precious and Base Metals Act, 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), aan die Staat verval het, dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikels *dertig* en *honderd* van gemelde Wet, te verklaar dat die grond ten opsigte waarvan die regte bestaan het, van 9 vm. op die 20ste dag van Julie 1955 ooreenkomstig die bepalings van Hoofstuk V van gemelde Wet vir die afpenning van kleims oop is.

M.M. 22/6/3 (55).

SCHEDULE/*BYLAE.*

MINING DISTRICT OF PILGRIMS REST.—*MYNDISTRIK PELGRIMSRUS.*

Lic. No. *Lis. No.*	Distinctive Numbers of Claims. *Onderskeidingsnommers van kleims.*	No. of Claims. *Getal kleims.*	Diagram No. *Kaart No.*	Name of Last Registered Owner, Farm and Number. *Naam van laaste geregistreerde eienaar, plaas en nommer.*	Owner of Farm. *Eienaar van plaas.*
PROSPECTING CLAIMS.—*PROSPEKTEERKLEIMS.*					
16845	Unnumbered (*Ongenommer*)	4	—	J. J. Krugel, Elandsdrift No. 41.....	T.G.M.E., Limited.
16855	„ „	1	—	J. J. Krugel, Elandsdrift No. 41.....	„ „
16867	„ „	50	—	L. L. Glass, Tweefontein No. 24.....	Government (*Goewerment*).
16871	„ „	4	—	S. W. Schoeman, Finsbury No. 367.....	T.G.M.E., Limited.
16898	„ „	1	—	F. J. Vincent, Finsbury No. 367.....	„ „
16905	„ „	15	—	F. G. Barkhuizen, Nooitgedacht No. 266...	„ „
BASE METAL CLAIMS.—*ONEDELEMETAALKLEIMS.*					
3410	Unnumbered (*Ongenommer*)	2	—	Z. L. Kruger, Mountain Top No. 347 and/*en* Mt. Prospect No. 354	Government (*Goewerment*).
3450	„ „	12	—	J. A. Weber, Drakensbergen No. 296.....	„ „
3451	„ „	100	—	J. J. Weber, Drakensbergen No. 296.....	„ „
3500	„ „	6	—	C. A. van Staden, Graskop No. 27.....	„ „
3502	„ „	4	—	Z. L. Kruger, Graskop No. 27.....	„ „
3509	„ „	68	—	G. P. Stoltz, Waterval No. 48 (S.P.—*S.G.*).	„ „

✱ No. 1260.] [24 June 1955.

RESERVATION OF GROUND FOR TOWNSHIP PURPOSES.—PORTION OF THE FARM KLIPRIVIERSBERG No. 25, DISTRICT JOHANNESBURG, MINING DISTRICT OF JOHANNESBURG.

Notice is hereby given that His Excellency the Governor-General, under the powers vested in him by section *five* of the Townships Amendment Act, 1908 (Act No. 34 of 1908 of the Transvaal), as amended, has reserved for township purposes a certain portion of proclaimed land, in extent 3 morgen 199 square roods, situate on the farm Klipriviersberg No. 25, District Johannesburg, Mining District Johannesburg, Transvaal Province, registered in the name of Land Exploits, Limited, and as shown on a sketch plan, copies whereof are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the Office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under R.M.T. No. 2144.

M.M. 17/2226.

✱ No. 1260.] [24 Junie 1955.

UITHOU VAN GROND VIR DORPSDOELEINDES.—GEDEELTE VAN DIE PLAAS KLIPRIVIERSBERG No. 25, DISTRIK JOHANNESBURG, MYNDISTRIK JOHANNESBURG.

Hierby word bekendgemaak dat Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vyf* van die Townships Amendment Act, 1908 (Wet No. 34 van 1908 van Transvaal), soos gewysig, 'n sekere stuk geproklameerde grond, 3 morg 199 vierkant roede groot, geleë op die plaas Klipriviersberg No. 25, distrik Johannesburg, myndistrik Johannesburg, Provinsie Transvaal, geregistreer op naam van Land Exploits, Limited, en soos aangedui op 'n sketskaart waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, onder R.M.T. No. 2144 bewaar word, vir dorpsdoeleindes uitgehou het.

M.M. 17/2226.

✱ No. 1264.] [15 June 1955.

GROUND DECLARED OPEN TO PEGGING OF CLAIMS.

Notice is hereby given that as certain claims, situate in the Mining District of Pietersburg, Transvaal Province, and detailed in the attached Schedule, have lapsed to the Crown in terms of section *one hundred* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), His Excellency the Governor-General has been pleased, under the powers vested in him by sections *thirty* and *one hundred* of the said Act to declare that the ground over which the rights have been held shall be open to the pegging of claims in accordance with the provisions of Chapter V of the said Act on and after 9 a.m. on the 13th day of July, 1955.

M.M. 22/1/2 (55).

✱ No. 1264.] [15 Junie 1955.

GROND VIR DIE AFPENNING VAN KLEIMS OOPVERKLAAR.

Hierby word bekendgemaak dat aangesien sekere kleims geleë in die myndistrik Pietersburg, provinsie Transvaal, en in die aangehegte Bylae omskryf, ingevolge artikel *honderd* van die „Precious and Base Metals Act", 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), aan die Staat verval het, dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikels *dertig* en *honderd* van gemelde Wet, te verklaar dat die grond ten opsigte waarvan die regte bestaan het, van 9 vm. op die 13de dag van Julie 1955, ooreenkomstig die bepalings van Hoofstuk V van gemelde Wet vir die afpenning van kleims oop is.

M.M. 22/1/2 (55).

SCHEDULE.—*BYLAE.*

MINING DISTRICT OF PIETERSBURG.—*MYNDISTRIK PIETERSBURG.*

Lic. No. *Lis. No.*	Distinctive Numbers of Claims. *Onderskeidingsnommers van kleims.*	No. of Claims. *Getal kleims.*	Diagram No. *Kaart No.*	Name of Last Registered Owner, Farm and Number. *Naam van laaste geregistreerde eienaar, plaas en nommer.*	Owner of Farm. *Eienaar van plaas.*
		PROSPECTING CLAIMS.—*PROSPEKTEERKLEIMS.*			
6604	Unnumbered (*Ongenommer*)	1	—	J. L. H. du Preez, Eersteling No. 87.....	African Gold and Base Metals Holdings, Ltd.
		BASE METAL CLAIMS.—*ONEDELEMETAALKLEIMS.*			
20223	Unnumbered (*Ongenommer*)	100	—	I. Getz, Rhenosterhoekspruit No. 20 and/*en* Uitkyk No. 1207	Government (*Goewerment*).
21930	„ „	100	—	E. J. M. Meyer, Berg-en-dal No. 1697.....	South African Native Trust/ (*Suid-Afrikaanse Naturelle-trust*).
22131	„ „	100	—	D. F. Janse van Rensburg, Stylkop No. 535	„ „ „

DEPARTMENT OF HEALTH.

✱ No. 1261.] [24 June 1955.

NATIONAL HOUSING OFFICE.

RENTS ACT, 1950 (ACT No. 43 OF 1950), AS AMENDED.—DISSOLUTION OF RENT BOARDS IN SO FAR AS THEIR JURISDICTION OVER BUSINESS PREMISES IS CONCERNED.

It is hereby notfied for general information that with the exception of the rent boards referred to in Government Notice No. 2406 of the 26th November, 1954, as amended by Government Notice No. 382 of the 25th February, 1955, and Government Notice No. 383 of the 25th February, 1955, the Minister of Health, under and by virtue of the powers vested in him by sub-section (2) of section *four* of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950), as amended, dissolves all rent boards constituted by him in terms of sub-section (1) of section *four* of the Act in so far as their jurisdiction over business premises is concerned with effect from 1st February, 1956.

✱ No. 1296.] [24 June 1955.

NATIONAL HOUSING OFFICE.

DISSOLUTION OF PILGRIMSREST RENT BOARD AND AMENDMENT OF AREA OF JURISDICTION OF SABIE RENT BOARD.

It is hereby notified for general information that the Minister of Health has, under and by virtue of the powers vested in him by section *four* of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950) decided—

(*a*) to dissolve, with effect from the 1st August, 1955, the rent board constituted for that portion of the Magisterial District of Sabie, falling under the jurisdiction of the Assistant Magistrate at Pilgrimsrest; and

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

✱ No. 1261.] [24 Junie 1955.

NASIONALE BEHUISINGSKANTOOR.

WET OP HUURGELDE, 1950 (WET No. 43 VAN 1950), SOOS GEWYSIG.—ONTBINDING VAN HUURRADE VIR SOVER DIT HULLE REGSBEVOEGDHEID OOR BESIGHEIDSPERSELE BETREF.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat, met uitsondering van die huurrade gemeld in Goewermentskennisgewing No. 2406 van 26 November 1954, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 382 van 25 Februarie 1955 en Goewermentskennisgewing No. 383 van 25 Februarie 1955, die Minister van Gesondheid, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (2) van artikel *vier* van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), soos gewysig, alle huurrade wat hy kragtens subartikel (1) van artikel *vier* van die Wet ingestel het, met ingang van 1 Februarie 1956 ontbind vir sover dit hul regsbevoegdheid oor besigheidspersele betref.

✱ No. 1296.] [24 Junie 1955.

NASIONALE BEHUISINGSKANTOOR.

ONTBINDING VAN HUURRAAD VAN PELGRIMSRUS EN WYSIGING VAN REGSGEBIED VAN HUURRAAD VAN SABIE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Gesondheid, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vier* van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), besluit het om—

(*a*) die huurraad wat ingestel is vir dié gedeelte van die magistraatsdistrik Sabie wat onder die regsbevoegdheid van die Assistent-magistraat op Pelgrimsrus ressorteer, met ingang van 1 Augustus 1955 te ontbind; en

(*b*) to amend the area of jurisdiction of Sabie rent board as published in Government Notice No. 224 dated the 5th February, 1943, by excluding therefrom, with effect from the 1st August, 1955, that portion of the Magisterial District of Sabie falling under the jurisdiction of the Assistant Magistrate at Pelgrimsrest.

✻ No. 1297.] [24 June 1955.

FOOD, DRUGS AND DISINFECTANTS ACT, No. 13 OF 1929.

AMENDMENT OF REGULATIONS.

PRESERVATIVES IN FOOD.

It is hereby notified for general information, that the Minister of Health, in terms of the powers vested in him by sections *forty-two* and *forty-three* of the Food, Drugs and Disinfectants Act, No. 13 of 1929, intends amending the regulations promulgated under Government Notice No. 575 of the 28th March, 1930, as amended from time to time, by the deletion of the existing regulation 5 (2) and the substitution, therefor, of the following new regulation:—

5. (2) Each article specified in the first column of the following table may contain any one of the preservatives specified opposite to it in the second column, in a proportion not exceeding the number of parts per million specified in the third column; the preservatives may also be used in the form of their sodium salts, and the results shall be expressed in terms of Sulphur Dioxide (SO_2), of Benzoic Acid (C_6H_5COOH) and of Boric Acid (H_3BO_3):—

Good.	Preservative.	Quantity Permitted. Parts per Million.
Sausages, sausage meat, polonies and saveloys, containing meat, cereals and condiments	Sulphur dioxide Or benzoic acid Or boric acid...	450 770 770
Fresh fish	Benzoic acid...	100
Smoked and dried fish	Benzoic acid...	200
Fish pastes	Benzoic acid...	500
Fresh fruit and fresh fruit pulp	Sulphur dioxide Or benzoic acid	1,500 600
Dried fruits, including raisins and sultanas	Sulphur dioxide	2,000
Jam, marmalade, fruit jelly and similar articles	Sulphur dioxide Or benzoic acid	40 400
Crystalised, glace or cured fruit, and candied peel	Sulphur dioxide	100
Unfermented grapejuice and non-alcoholic wines, cordials, sweetened or un-sweetened fruit squashes and fruit juices	Sulphur dioxide	450
Pickles, suaces and chutneys, coffee extract	Or benzoic acid	600
Sweetened aerated or mineral waters, except carbonated fruit squashes containing not less than 5 per cent of fruit juice	Sulphur dioxide Or benzoic acid	70 120
Carbonated fruit squashes containing not less than 5 per cent of fruit juice	Sulphur dioxide Or benzoic acid	120 150
Sugar, including cane-syrup and solid glucose	Sulphur dioxide	70
Corn syrup (liquid glucose)	Sulphur dioxide	450
Cornflour (maize-starch) or other prepared starches	Sulphur dioxide	100
Gelatin	Sulphur dioxide	1,000
Beverage concentrates, prepared from wheat and other cereals	Benzoic acid...	600
Sacramental wine, prepared from unfermented grapejuice	Benzoic acid...	2,750
Cheese preparations and cheese spreads	Benzoic acid...	600

Note.—150 parts per million is approximately equal to 1 grain per pound or 1¼ grains per pint.

Interested persons or organisations are invited to submit criticism of this draft amendment to the regulations, within three months from the date hereof, to the Secretary for Health, P.O. Box 386, Pretoria.

(*b*) die regsgebied van die Huurraad van Sabie, soos gepubliseer in Goewermentskennisgewing No. 224 van 5 Februarie 1943, te wysig deur dié gedeelte van die magistraatsdistrik Sabie wat onder die regsbevoegdheid van die Assistent-magistraat op Pelgrimsrus ressorteer, met ingang van 1 Augustus 1955 daarvan uit te sluit.

✻ No. 1297.] [24 Junie 1955.

WET OP VOEDINGSMIDDELS, MEDISYNE EN ONTSMETTINGSMIDDELS, No. 13 VAN 1929.

WYSIGING VAN REGULASIES.

BEDERFWERENDE MIDDELS IN VOEDSEL.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Gesondheid voornemens is om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikels *twee-en-veertig* en *drie-en-veertig* van die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, No. 13 van 1929, die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 575 van 28 Maart 1930, soos van tyd tot tyd gewysig, te wysig deur die bestaande regulasie 5 (2) te skrap en dit deur die volgende nuwe regulasie te vervang:—

5. (2) Iedere artikel genoem in die eerste kolom van die volgende tabel, kan enigeen van die bederfwerende middels wat daarteenoor in die tweede kolom gespesifiseer is, bevat in 'n verhouding van hoogstens die getal dele per miljoen in die derde kolom genoem; die bederfwerende middels kan ook in die vorm van hul natriumsoute gebruik word en die resultate moet in terme van swaweldioksied (SO_2), van bensoësuur (C_6H_5COOH) en van boorsuur (H_3BO_3) uitgedruk word:—

Voedingsmiddel.	Bederfwerende middel.	Hoeveelheid toegelaat. Dele per Miljoen.
Wors, worsvleis, polonie en servelaatwors wat vleis, graan en kruie bevat	Swaweldioksied. Of bensoësuur. Of boorsuur...	450 770 770
Vars vis	Bensoësuur	100
Gerookte en gedroogde vis	Bensoësuur	200
Vispastas	Bensoësuur	500
Vars vrugte en vars vrugtepulp	Swaweldioksied. Of bensoësuur.	1,500 600
Gedroogde vrugte, met inbegrip van rosyntjies en sultanas	Swaweldioksied.	2,000
Konfyt, marmalade, vrugtejellie en dergelike artikels	Swaweldioksied. Of bensoësuur.	40 400
Versuikerde, glace of gedroogde vrugte en sukade	Swaweldioksied.	100
Ongegiste druiwesap en nie-alkoholiese wyne, versterkdranke, soetgemaakte en nie-soetgemaakte vrugtekwasse en vrugtesappe	Swaweldioksied.	450
Atjar, souse en blatjang, koffie-ekstrak	Of bensoësuur..	600
Soetgemaakte, gashoudende of mineraalwaters, behalwe gekarboneerde vrugtekwasse wat minstens 5 persent vrugtesap bevat	Swaweldioksied. Of bensoësuur..	70 120
Gekarboneerde vrugtekwasse wat minstens 5 persent vrugtesap bevat	Swaweldioksied. Of bensoësuur..	120 150
Suiker, met inbegrip van rietstroop en vaste glukose	Swaweldioksied.	70
Mieliestroop (vloeibare glukose)	Swaweldioksied.	450
Meliemeel (mieliestysel) of ander voorbereide stysels	Swaweldioksied.	100
Gelatien	Swaweldioksied.	1,000
Drankkonsentrate berei van koring en ander graansoorte	Bensoësuur	600
Sakramentele wyn, berei van ongegiste druiwesap	Bensoësuur	2,750
Kaaspreparate en kaassmeer	Bensoësuur	600

OPMERKING.—150 dele per miljoen is by benadering gelyk aan 1 grein per pond of 1¼ grein per pint.

Belanghebbende persone of organisasies word gevra om binne drie maande na die datum hiervan kritiek op hierdie konsepwysiging van die regulasies by die Sekretaris van Gesondheid, Posbus 386, Pretoria, in te dien.

✱ No. 1298.] [24 June 1955.

NATIONAL HOUSING OFFICE.

DISSOLUTION OF WAKKERSTROOM RENT BOARD.

It is hereby notified for general information that the Minister of Health has, under and by virtue of the powers vested in him by section *four* of the Rents Act, 1950, (Act No. 43 of 1950), decided to dissolve absolutely with effect from the 1st August, 1955, the Rent Board constituted for the Magisterial District of Wakkersroom.

✱ No. 1299.] [24 June 1955.

NATIONAL HOUSING OFFICE.

APPOINTMENT OF MEMBERS.—BOKSBURG RENT BOARD.

It is hereby notified for general information that the Minister of Health has, under and by virtue of the powers vested in him by section *four* of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950), appointed the following persons to the Boksburg Rent Board for the period ending 24th April, 1956:—

As chairman: Mr. A. B. van Greunen, *vice* Mr. C. Costa who has resigned.

As member: Mr. J. S. de Villiers, present alternate member, vice Mr. H. J. Wannenburg who has resigned.

As alternate members:—

Mr. J. A. Bezuidenhout, *vice* Mr. J. S. de Villiers who has been appointed as member.

Mrs. J. M. Postma, *vice* Mr. R. M. McKenzie Frazer who has resigned.

✱ No. 1300.] [24 June 1955.

NATIONAL HOUSING OFFICE.

APPOINTMENT OF MEMBERS.—FLAGSTAFF RENT BOARD.

It is hereby notified for general information that the Minister of Health has, under and by virtue of the powers vested in him by section *four* of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950), appointed the following persons to the Flagstaff Rent Board for the period 19th March, 1955, to 18th March, 1958:—

As chairman: The Magistrate, Flagstaff.

As members:—

Mr. D. J. Beukes.
Mrs. M. M. Jelley.

As alternate members:—

Mr. J. J. Myburgh.
Mr. J. F. Naude.

✱ No. 1301.] [24 June 1955.

NATIONAL HOUSING OFFICE.

APPOINTMENT OF MEMBERS.—WEST RAND RENT BOARD.

It is hereby notified for general information that the Minister of Health, has, under and by virtue of the powers vested in him by section *four* of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950), appointed Mr. G. Dalhuyzen as member to the West Rand Rent Board for the period ending 31st January, 1957, *vice* Mr. J. P. Badenhorst, who has resigned.

✱ No. 1298.] [24 Junie 1955.

NASIONALE BEHUISINGSKANTOOR.

ONTBINDING VAN HUURRAAD VAN WAKKERSTROOM.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Gesondheid, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vier* van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), besluit het om die huurraad wat vir die magistraatsdistrik Wakkerstroom ingestel is, met ingang van 1 Augustus 1955 geheel en al te ontbind.

✱ No. 1299.] [24 Junie 1955.

NASIONALE BEHUISINGSKANTOOR.

AANSTELLING VAN LEDE.—HUURRAAD VAN BOKSBURG.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Gesondheid, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vier* van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), ondergenoemde persone in die Huurraad van Boksburg vir die tydperk eindigende 24 April 1956, aangestel het:—

As voorsitter: Mnr. A. B. van Greunen in die plek van mnr. C. Costa wat bedank het.

As lid: Mnr. J. S. de Villiers, huidige plaasvervangende lid, in die plek van mnr. H. J. Wannenburg wat bedank het.

As plaasvervangende lede:—

Mnr. J. A. Bezuidenhout in die plek van mnr. J. S. de Villiers wat as lid aangestel is.

Mev. J. M. Postma in die plek van mnr. R. M. McKenzie Frazer wat bedank het.

✱ No. 1300.] [24 Junie 1955.

NASIONALE BEHUISINGSKANTOOR.

AANSTELLING VAN LEDE.—HUURRAAD VAN FLAGSTAFF.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Gesondheid, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vier* van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), ondergenoemde persone in die Huurraad van Flagstaff vir die tydperk 19 Maart 1955 tot 18 Maart 1958 aangestel het:—

As voorsitter: Die Magistraat, Flagstaff.

As lede:—

Mnr. D. J. Beukes.
Mev. M. M. Jelley.

As plaasvervangende lede:—

Mnr. J. J. Myburgh.
Mnr. J. F. Naude.

✱ No. 1301.] [24 Junie 1955.

NASIONALE BEHUISINGSKANTOOR.

AANSTELLING VAN LEDE.—HUURRAAD VAN WESRAND.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Gesondheid, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vier* van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), mnr. G. Dalhuyzen as lid van die Huurraad van Wesrand vir die tydperk eindigende 31 Januarie 1957, aangestel het in die plek van mnr. J. P. Badenhorst wat bedank het.

✱ No. 1302.] [24 June 1955.

NATIONAL HOUSING OFFICE.

APPOINTMENT OF MEMBERS.—WITBANK RENT BOARD.

It is hereby notified for general information that the Minister of Health, has, under and by virtue of the powers vested in him by section *four* of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950), appointed the following persons to the Witbank Rent Board for the period ending 26th November, 1956:—

As member: Mr. W. J. Volschenk *vice* Mr. P. L. Bezuidenhout who has resigned.

As alternate member: Mr. S. T. T. Humphries *vice* Mr. W. J. Volschenk who has been appointed as member.

✱ No. 1303.] [24 June 1955.

NATIONAL HOUSING OFFICE.

APPOINTMENT OF MEMBERS.—LADYSMITH, (NATAL), RENT BOARD.

It is hereby notified for general information that the Minister of Health has, under and by virtue of the powers vested in him by section *four* of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950), appointed Mrs. S. M. M. Venter as a member to the Ladysmith, Natal, Rent Board for the period ending 29th October, 1956, *vice* Mr. T. G. Visagie who has resigned.

✱ No. 1304.] [24 June 1955.

NATIONAL HOUSING OFFICE.

APPOINTMENT OF MEMBER.—STELLENBOSCH RENT BOARD.

It is hereby notified for general information that the Minister of Health has, under and by virtue of the powers vested in him by section *four* of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950), appointed Mr. M. H. Lazarus as member of the Stellenbosch Rent Board for the period ending 23rd April, 1956, *vice* Mr. W. H. Krynauw, deceased.

✱ No. 1305.] [24 June 1955.

NATIONAL HOUSING OFFICE.

APPOINTMENT OF MEMBER.—KLERKSDORP. RENT BOARD.

It is hereby notified for general information that the Minister of Health has, under and by virtue of the powers vested in him by section *four* of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950) appointed Mr. J. W. Arnold as a member to the Klerksdorp Rent Board for the period ending 20th May, 1957, *vice* Mr. P. J. L. Otto who has resigned.

✱ No. 1306.] [24 June 1955.

NATIONAL HOUSING OFFICE.

APPOINTMENT OF ALTERNATE MEMBER.—TZANEEN RENT BOARD.

It is hereby notified for general information that the Minister of Health has, under and by virtue of the powers vested in him by section *four* of the Rents Act 1950 (Act No. 43 of 1950) appointed Mrs. M. J. van der Steen as alternate member of the Tzaneen Rent Board for the period ending 18th June, 1956, *vice* Mrs. D. J. Botha, who has resigned.

✱ No. 1302.] [24 Junie 1955.

NASIONALE BEHUISINGSKANTOOR.

AANSTELLING VAN LEDE.—HUURRAAD VAN WITBANK.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Gesondheid, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vier* van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), ondergenoemde persone in die Huurraad van Witbank vir die tydperk eindigende 26 November 1956, aangestel het:—

As lid: Mnr. W. J. Volschenk in die plek van mnr. P. L. Bezuidenhout wat bedank het.

As plaasvervangende lid: Mnr. S. T. T. Humphries in die plek van mnr. W. J. Volschenk wat as lid aangestel is.

✱ No. 1303.] [24 Junie 1955.

NASIONALE BEHUISINGSKANTOOR.

AANSTELLING VAN LID.—HUURRAAD VAN LADYSMITH, NATAL.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Gesondheid, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vier* van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), mev. S. M. M. Venter as lid van die Huurraad van Ladysmith, Natal, vir die tydperk eindigende 29 Oktober 1956, aangestel het in die plek van mnr. T. G. Visagie wat bedank het.

✱ No. 1304.] [24 Junie 1955.

NASIONALE BEHUISINGSKANTOOR.

AANSTELLING VAN LID.—HUURRAAD VAN STELLENBOSCH.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Gesondheid, kragtens bevoegdheid hom verleen by artikel *vier* van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), mnr. M. H. Lazarus as lid van die Huurraad van Stellenbosch vir die tydperk eindigende 23 April 1956, aangestel het in die plek van mnr. W. H. Krynauw wat oorlede is.

✱ No. 1305.] [24 Junie 1955.

NASIONALE BEHUISINGSKANTOOR.

AANSTELLING VAN LID.—HUURRAAD VAN KLERKSDORP.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Gesondheid, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vier* van die Wet op Huurgelde, 1950, (Wet No. 43 van 1950), mnr. J. W. Arnold as lid van die Huurraad van Klerksdorp vir die tydperk eindigende 20 Mei 1957, aangestel het in die plek van mnr. P. J. L. Otto wat bedank het.

✱ No. 1306.] [24 Junie 1955.

NASIONALE BEHUISINGSKANTOOR.

AANSTELLING VAN PLAASVERVANGENDE LID. —HUURRAAD VAN TZANEEN.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Gesondheid, kragtens bevoegdheid hom verleen by artikel *vier* van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), mev. M. J. van der Steen as plaasvervangende lid van die Huurraad van Tzaneen vir die tydperk eindigende 18 Junie 1956, aangestel het in die plek van mev. D. J. Botha wat bedank het.

✱ No. 1307.] [24 June 1955.

NATIONAL HOUSING OFFICE.

APPOINTMENT OF ALTERNATE MEMBER.—ERMELO RENT BOARD.

It is hereby notified for general information that the Minister of Health has, under and by virtue of the powers vested in him by section *four* of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950), appointed Mr. J. M. A. de Wit as alternate member to the Ermelo Rent Board for the period ending 23rd April, 1956.

✱ No. 1308.] [24 June 1955.

NATIONAL HOUSING OFFICE.

TZANEEN RENT BOARD.

Government Notice No. 1454, dated 10th July, 1953, is hereby amended by substituting the name D. F. de Jager for the name F. de Jager where it appears in the Afrikaans and English versions of the said notice.

GENERAL NOTICES.

CO-OPERATIVE AGRICULTURAL SOCIETIES.

✱ NOTICE No. 652 OF 1955.

CO-OPERATIVE COMPANY STRUCK OFF THE REGISTER OF CO-OPERATIVE SOCIETIES AND COMPANIES.

AMAHLONGWA CO-OPERATIVE COMPANY, LIMITED.

Notice is hereby given that the name of the above-mentioned company was struck off the register on the 8th June, 1955, in terms of section 89 (4) of the Co-operative Societies Act, 1939, and the company is now dissolved.

J. J. ADAMS,
Registrar of Co-operative Societies.

Office of the Registrar of
Co-operative Societies,
417 Church Street East,
Pretoria.

DEPARTMENT OF LANDS

NOTICE No. 577 OF 1955.

The following notice is published for general information.

J. J. BOONZAAIER,
Surveyor-General.

Surveyor-General's Office,
Cape Town.

CROWN LAND SURVEYS (CAPE).

Notice is hereby given in terms of sub-section (1) of section *seventeen* of the Survey Act, 1927 (Act No. 9 of 1927), that the undermentioned diagrams of Crown Land are lying for inspection in the office of the Surveyor-General, Cape Town, and that, if no objection, in writing, to the said diagrams or to any beacon or boundary adopted in the surveys is received on or before the 1st August, 1955, the diagrams will be approved under the provisions of sub-section (1) (*c*) of section *three* of the above-mentioned Act.

✱ No. 1307.] [24 Junie 1955.

NASIONALE BEHUISINGSKANTOOR.

AANSTELLING VAN PLAASVERVANGENDE LID.—HUURRAAD VAN ERMELO.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Gesondheid, kragtens bevoegdheid hom verleen by artikel *vier* van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), mnr. J. M. A. de Wit as plaasvervangende lid van die Huurraad van Ermelo vir die tydperk eindigende 23 April 1956, aangestel het.

✱ No. 1308.] [24 Junie 1955.

NASIONALE BEHUISINGSKANTOOR.

HUURRAAD VAN TZANEEN.

Goewermentskennisgewing No. 1454 van 10 Julie 1953 word hierby gewysig deur die naam F. de Jager te vervang deur die naam D. F. de Jager waar dit in die Afrikaanse en die Engelse teks van genoemde kennisgewing voorkom.

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

KOÖPERATIEWE LANDBOUVERENIGINGS.

✱ KENNISGEWING No. 652 VAN 1955.

KOÖPERATIEWE VERENIGING WAT VAN DIE REGISTER VAN KOÖPERATIEWE VERENIGINGS EN MAATSKAPPYE GESKRAP IS.

AMAHLONGWA CO-OPERATIVE COMPANY LIMITED.

Hierby word bekendgemaak dat die naam van bogenoemde maatskappy ingevolge die bepalings van artikel *nege-en-tagtig* (4) van die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939, van die register geskrap is, en die maatskappy nou ontbind is.

J. J. ADAMS,
Registrateur van Koöperatiewe Verenigings.

Kantoor van Registrateur van
Koöperatiewe Verenigings,
Kerkstraat-Oos 417,
Pretoria.

DEPARTEMENT VAN LANDE

KENNISGEWING No. 577 VAN 1955.

Onderstaande kennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. BOONZAAIER,
Landmeter-generaal.

Kantoor van die Landmeter-generaal,
Kaapstad.

OPMETING VAN KROONGROND (KAAP).

Hierby word ingevolge subartikel (1) van artikel *sewentien* van die Opmetingswet, 1927 (Wet No. 9 van 1927), bekendgemaak dat ondergenoemde Kroongrondkaarte in die kantoor van die Landmeter-generaal, Kaapstad, ter insae lê en dat die kaarte ingevolge die bepalings van subartikel (1) (*c*) van artikel *drie* van genoemde Wet goedgekeur sal word indien geen skriftelike beswaar teen genoemde kaarte of teen 'n baken of grenslyn wat by die opmeting aangeneem is, voor of op 1 Augustus 1955 ontvang word nie.

Diagram No. *Kaart No.*	Description of Land. *Beskrywing van Grond.*	Situation. *Ligging.*	Division. *Afdeling.*	Area. *Grootte.*
1657–8/55.....	Lots Nos. W.C.P. 1 and H. J. du P. 1 Drostdy/ *Persele Nos. W.C.P. 1 en H. J. du P. 1 Drostdy*	Two new Crown Land Lots at Drostdy adjoining Lots Nos. 1 to 4 and Lot Sabre B/*Twee nuwe Kroongrondpersele te Drostdy wat grens aan Persele Nos. 1 tot 4 en Perseel Sabre B*	Tulbagh.....	7,821 sq. ft./*vk. vt.* and/*en* 12,858 sq. ft./*vk. vt.*
1679/55.....	Lot/*Perseel* King.....	Bounded by Lot No. Rly 6 Amalinda, Lot No. 90, Lot No. 90 Annexe, Lot Shop and Remainder of Lot No. Rly 1 Amalinda/*Begrens deur Perseel No. Rly 6 Amalinda, Perseel No. 90, Perseel No. 90 Annexe, Perseel Shop en Restant van Perseel No. Rly 1 Amalinda*	Municipality East London/ *Munisipaliteit van Oos-Londen*	46·6663 sq. ft./*vk. vt.*
1682/55.....	Lot/*Perseel* Thompson....	Bounded by Lot King, Lot Reiger Annexe, Crown Land, Remainder of Lot No. Rly 1 Amalinda, and Portion No. 2 of Lot No. Rly 1/*Begrens deur Perseel King, Perseel Reiger Annexe, Kroongrond, Restant van Perseel No. Rly 1 Amalinda en Gedeelte No. 2 van Perseel No. Rly 1*	Municipality East London/ *Munisipaliteit van Oos-Londen*	30,795 sq. ft./*vk. vt.*
3021/55.....	Lot/*Perseel* K.R.....	Bounded by Lot No. 53, Portion No. 1 of Lot B of Lot No. 48, Lot C, Lot D and Boundary Avenue/*Begrens deur Perseel No. 53, Gedeelte No. 1 van Perseel B van Perseel No. 48, Perseel C, Perseel D en Boundary Avenue*	Cape/*Kaap*.....	1·1714 morgen/*morg.*

3–10–17–24

NOTICE No. 592 OF 1955.

CROWN LAND SURVEY (CAPE).

Notice is hereby given in terms of sub-section (1) of section *seventeen* of the Survey Act, 1927 (Act No. 9 of 1927), that the undermentioned diagram of Crown Land is lying for inspection in the office of the Surveyor-General, Cape Town, and that, if no objection, in writing, to the said diagram or to any beacon or boundary adopted in the survey is received on or before the 8th August, 1955, the diagram will be approved under the provisions of sub-section (1) (*c*) of section *three* of the above-mentioned Act.

KENNISGEWING No. 592 VAN 1955.

OPMETING VAN KROONGROND (KAAP).

